*Vrydag* **14 November**

**Skrifgedeelte: Romeine 5:12-21 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Romeine 5:12, 21**

**Dood in Adam en lewend in Christus**

Toe Adam en Eva op aansporing van die duiwel besluit het om die bande van God se liefdevolle gesag van hulle af los te ruk, het hulle nie net hulleself van God losgeskeur nie. Hulle optrede teenoor God het gevolge vir hulle ongebore kinders en uiteindelik vir alle mense gehad, want alle mense stam van Adam en Eva af. Hulle is ons eerste ouers. Adam tree as hoof van die mensdom op omdat hy die eerste mens is en voor God staan as die verantwoordelike persoon vir sy hele familie, die hele menslike geslag.

As bewys daarvan dat die geaardheid om sonde te doen in elke nakomeling van Adam van voor hulle geboorte af in hulle is, sê die Heilige Gees dat die dood deur die sonde gekom het en die dood het tot alle mense deurgedring. Die dood van die mens as straf op die sonde het nie eers gekom toe God sy wet aan Moses gegee het nie. Die dood het van Adam af tot by Moses al heerskappy gevoer, ook oor mense wat nie gesondig het op dieselfde manier as waarop Adam oortree het nie. Almal het immers in Adam gesondig en as gevolg van die oorgeërfde geaardheid om sonde te wil doen, het hulle ook sonde gedoen. Hierdie oorerwing van die geaardheid om sonde te doen en van die vyandskap teen God, noem ons erfsonde. Dit is die verdorwenheid van die hele menslike natuur en die oorgeërfde gebrek waarmee selfs klein kindertjies in die moederskoot besmet is.

Soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, voer die genade deur die geregtigheid ook heerskappy. Hierdie heerskappy lei tot die ewige lewe deur Jesus Christus ons Here. Omdat die mens nie self die slawebande van die sonde en duiwel van hom kan losmaak nie, het God dit deur sy Seun vir sy mense kom doen.

Hierdie vernedering van Jesus Christus, die Seun van God, was nog nie klaar nie. Ons onvolmaaktheid moet nie net voor God bedek word nie. As ons voor God moet verskyn, soos God dit ook wil hê, moet die onvolmaaktheid en alle gebreke geheel en al weggeneem word. Daarom verneder Jesus Christus Hom nog verder tot in die dood, die dood aan die kruis. Met sy heilige lewe bedek Hy nie net ons onvolmaakte lewe geheel en al nie; met sy kosbare bloed was die Heilige Gees die sonde van ons af. Sy kosbare bloed is ook die betaling vir daardie erfsonde wat ons al van voor ons geboorte in ons het.

Deurdat die Heilige Gees aan ons wedergeboorte skenk, word ons in die familie van Christus gebore. Nou is die genade deur die geregtigheid wat die gelowiges verkry baie oorvloediger as wat ons ooit kan reken. As jy in die familie van Christus, jou nuwe Hoof, gebore word, word jy nie maar teruggeplaas in die oorspronklike toestand wat Adam en Eva voor die sondeval gehad het nie. Christus se sterwe aan die kruis en opstanding uit die dood plaas jou reeds in die ewige lewe. Voor die sondeval moes Adam nog die ewige lewe verkry deur gehoorsaam te wees aan God. Christus is in gelowiges se plek volmaak gehoorsaam aan sy Vader, en deur die geloof skenk die Heilige Gees hierdie gehoorsaamheid aan gelowiges sodat hulle nou al die ewige lewe kan hê.

*Sing: Psalm 51-1:3, 5*

*Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)*